

# AFGESONDER

*Leef tot Eer van God*

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*AFGESONDER: LEEF TOT EER VAN GOD*

Kopiereg © 2024 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Afgesonder: Leef tot Eer van God* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

AFRIKAANS

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.

# INHOUD


*003* WELKOM

*004* INLIGTING OOR LGG

*005* ONS MISSIE

*006* SOAP BYBELSTUDIE METODE

*009* GETUIENIS

*010* WÊRELDWYE BEDIENING

*011* KEN HIERDIE WAARHEDE

*014* INLEIDING

*015* LEESPLAN

*017* DOELWITTE

*018* WEEK 1

*041* WEEK 2

*064* WEEK 3

*087* WEEK 4

*110* SLUIT BY ONS AAN

*111* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

## WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

## OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. Ons Engelse joernale en boeke kan op lovegodgreatly.com gekoop word. Ouer studies en joernale vir kinders kan op Amazon gekoop word.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Al ons studies kan op lovegodgreatly.com afgelaai word. Bybelstudies in Afrikaans kan afgelaai word by lovegodgreatly.com/Afrikaans. Fisiese boeke kan gekoop word op Amazon.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel ‘n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op ‘n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld ‘n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, ‘n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op ‘n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons ‘n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

**SOAP**

*Bybelstudiemetode*



SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR OBSERVATION (WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

A
STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*


APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

P
STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## GETUIENIS

*LGG Spaanse Tak*

In 2013 het my lewe 'n onverwagte wending geneem. Terwyl ek besig was om deur 'n familiekrisis te gaan, het my man my heeltemal onverwags verlaat. Ek was verpletter. Ek moes gewoond raak aan 'n nuwe normaal in my lewe.

Ek het onthou hoe in die verlede, as iemand my uitgevra het oor my getuienis, ek nie 'n skokkende verhaal gehad wat my by God se voete uitgebring het nie. Ek was geseënd om God van jongs af te geken het. Ek het myself beskou as 'n vrou wat haar lewe so goed as moontlik georganiseer en beplan het, maar ek was nie voorbereid vir iets so moeilik soos dit nie. Deur dit alles het God my geleer om waarlik in geloof en in afhanklikheid van Hom te leef.

Ek het gesmag dat Hy my gebede beantwoord en my familie herenig. Ek het baie hard daarvoor gebid, maar die antwoorde wat ek verlang het, het nie gekom nie. Met 'n behoefte en begeerte om die Woord van God te bestudeer, is ek aangespoor om "Bybelstudies vir Vroue" te gaan opsoek op die internet. Dit was presies die woorde wat ek ingetik het, en die soektog het my gelei na Love God Greatly. Van die eerste studie af het God my eie behoeftes aangespreek en my na wonderlike vroue gelei.

Ek het meer van God se karakter begin ontdek, en het geleer om dag vir dag te lewe en dankbaar te wees vir wat elke dag meebring, hetsy geluk of beproewinge, terwyl ek ook geniet wat ek rondom my het op daardie tydstip.

"Vroue wat ander vroue help om God heelhartig met hul lewens lief te hê" het 'n werklikheid vir my geword. God het my gelei om sy liefde, krag en ondersteuning te deel en, bowenal, om Hom te vertrou.

*GOD HET NIE MY OMSTANDIGHEDE VERANDER NIE, MAAR HY HET MY HART VERANDER.*

Ek het vandag die enorme Godgegewe voorreg om Hom op verskeie gebiede in Love God Greatly te dien, en God het terselfdertyd vir my die geskenk gegee om te kan sien hoe my twee dogters in hierdie bediening dien.

God het nie my omstandighede verander nie, maar Hy het my hart verander.

*Grethel*

*LGG Spaanse Tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS
WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Spaanse Tak*

## KEN JY IEMAND VIR WIE ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES IN SPAANS NUTTIG SOU WEES?

Indien wel, vertel hulle gerus van die wonderlike Bybelstudiebronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

## OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Email: ask@lovegodgreatly.com

Email: amaaDiosgrandemente.guisette@gmail.com

Facebook: Ama a Dios Grandemente

Instagram: @amaadiosgrandemente

---

## HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

- Vir vroue wat heeltemal toegewyd aan God is en bereid is om te dien en in verskillende bedieningsareas te werk.
- Vir ‘n proefleser, sosiale media-bestuurder en grafiese ontwerper
- Dat die Spaanse joernale gedruk sal word en maklik toeganklik sal wees om te bestel en afgelewer te kan word in verskillende lande
- Vir ons tak se konferensie in herfs in 2024 in Monterey, Mexiko.

---

## SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

*WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Rom. 10:9-10).

*NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek ‘n sondaar is. Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

*SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons ‘n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met ‘n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as ‘n kind van God begin.

# *Kom Ons Begin*

## AFGESONDER

*Leef tot Eer van God*

# Inleiding

Om te kies om ‘n lewe vir Jesus te leef dra ‘n hoë koste. Maak geen fout nie; dit maak ons anders. Soos ons wêreld verder en verder weg van God beweeg, moet ons lewens minder en minder soos die wêreld lyk, nie uit arrogansie nie, maar uit ons liefde vir God.

Ek weet dit is nie maklik nie. Die kulturele gety waarin ons leef is sterk. Dit is meedoënloos. Dít waaraan ons vashou is al hoe meer kritiek. Hoekom? Want as ons nie doelgerig vashou aan waarheid nie, vashou aan wat God sê reg en verkeerd is nie, dan kan ons baie tragies meegevoer word in die gety van ons kultuur. Om te kies om afgesonder vir God te leef is ‘n stryd. Dit is ‘n lewe wat alles behalwe passief is.

As ons in Christus glo, weet ons hierdie wêreld is nie ons woning nie en terwyl ons gretig wag vir ons opgestane Christus wat weer gaan kom, moet ons die meeste maak van die dae wat aan ons gegee word. Om te kies om ‘n lewe te leef wat God eer en Hom reflekteer aan ‘n wêreld wat saamgetrek word in die destruktiewe gety van ons tyd, is hoe ons afgesonder vir God leef.

Wanneer ons kies om afgesonder tot God se eer te leef, wys ons sonder om te skroom na die rede vir ons krag, die rede vir ons hoop en die rede waarom ons lewens anders lyk.

Ons lewens is veronderstel om te skyn soos ‘n stad wat hoog op ‘n heuwel is vir almal om te sien. ‘n Stad wat uitstaan, afgesonder teen die donker naglug. ‘n Stad wat skyn, nie vir homself nie, maar uit sy liefde vir God. God is die rede waarom dit die donkerte kan weerstaan en afgesonder wees. En God is die rede waarom ons ook kan.

*“Julle is die lig vir die wêreld. ‘n Stad wat op ‘n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek ‘n mens nie ‘n lamp op en sit dit onder ‘n emmer nie maar op ‘n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.” – Matteus 5:14–16*

*HOU STYF VAS AAN JESUS, LIEWE VRIENDIN.*

Ek weet dit is donker en ek weet die gety waarin ons is, is sterk, maar hou styf vas aan Jesus, liewe vriendin. Hy hou jou vas. Kies om vandag jou lig helder vir Jesus te skyn terwyl jy afgesonder lewe.

Merk dit af

## LEESPLAN

**WEEK 1 / GEESTELIK AFGESONDER**

○ *Maandag / Maak God se Woord 'n Prioriteit*
Lees: Josua 1:1–9
SOAP: Josua 1:8

○ *Dinsdag / Oordink God se Woord*
Lees: Psalm 1:1–6
SOAP: Psalm 1:1–3

○ *Woensdag / Die Belangrikheid van Gebed*
Lees: Filippense 4:4–7
SOAP: Filippense 4:6–7

○ *Donderdag / Liefde, Kennis, Insig*
Lees: Filippense 3:1-11
SOAP: Filippense 3:9–11

○ *Vrydag / Beywer julle Allereers vir die Koninkryk van God*
Lees: Matteus 6:25–34
SOAP: Matteus 6:33

**WEEK 2 / AFGESONDER IN ONS HARTE**

○ *Maandag / Wees Lief vir God*
Lees: Matteus 22:34–40
SOAP: Matteus 22:37–38

○ *Dinsdag / Wees Lief vir Ander*
Lees: Romeine 12:9–21
SOAP: Romeine 12:9–10

○ *Woensdag / Wees Lief vir Mekaar*
Lees: Johannes 13:34–35
SOAP: Johannes 13:34–35

○ *Donderdag / Bewaak Jou Hart*
Lees: Spreuke 4:20–27
SOAP: Spreuke 4:23

○ *Vrydag / Liefde en Vergifnis*
Lees: Kolossense 3:12–17
SOAP: Kolossense 3:12–13

**WEEK 3 / AFGESONDER IN ONS GEDAGTES**

- O *Maandag / Vernuwe Denke*
  Lees: Romeine 12:1–2
  SOAP: Romeine 12:1–2
- O *Dinsdag / Die Belangrikheid van Wysheid*
  Lees: Spreuke 4:1–19
  SOAP: Spreuke 4:6–7
- O *Woensdag / Vertrou op die Here*
  Lees: Spreuke 3:5–6
  SOAP: Spreuke 3:5–6
- O *Donderdag / Nuwe Vrou in Christus*
  Lees: Efesiërs 4:17–24
  SOAP: Efesiërs 4:22–24
- O *Vrydag / Moenie Bang Wees Nie*
  Lees: Jesaja 41:10
  SOAP: Jesaja 41:10

**WEEK 4 / AFGESONDER IN ONS LIGGAME**

- O *Maandag / Dien Ander*
  Lees: Markus 10:42–45
  SOAP: Markus 10:45
- O *Dinsdag / Bly in Liefde By die Waarheid*
  Lees: Efesiërs 4:14–16
  SOAP: Efesiërs 4:15
- O *Woensdag / Volg God se Voorbeeld*
  Lees: Efesiërs 5:1–5
  SOAP: Efesiërs 5:1–3
- O *Donderdag / Seksueel Rein*
  Lees: 1 Tessalonisense 4:1–8
  SOAP: 1 Tessalonisense 4:3–5, 7
- O *Vrydag / Ons Liggame is 'n Tempel*
  Lees: 1 Korintiërs 6:12–20
  SOAP: 1 Korintiërs 6:19–20

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

*TWEE*

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

*DRIE*

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.

Filippense 1:9-11

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Terwyl ons afgesonderd vir God lewe, het ons wysheid en kennis nodig. Ons vind dit in God se Woord. Wy jouself hierdie week daaraan toe om elke dag toegewyde tyd in God se Woord te spandeer. Benewens jou daaglikse stiltetyd, maak dit 'n prioriteit om tyd te spandeer om die Skrif te memoriseer of op 'n ander tyd van die dag oor God se Woord te bid.*

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Josua 1:1–9*

Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die Here vir Josua, seun
van Nun en assistent van Moses, gesê: 2 “Moses my dienaar is dood. Maak jy nou
gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land
toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee. 3 Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan
julle elke plek waar julle kom: 4 van die woestyn af en van die Libanon af tot aan
die groot rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete tot aan die Groot
See in die weste, alles sal julle woongebied wees. 5 “Solank jy lewe, sal niemand
bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal
jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie. 6 Wees sterk, wees vasberade,
want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met ‘n eed aan julle
voorvaders beloof het. 7 “Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering
van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs
afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. 8 Hierdie wetboek
moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy
alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy
sal voorspoedig wees. 9 Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade.
Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou
oral waar jy gaan.”

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Josua 1:8*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

### SOAP

*Josua 1:8*

*Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.*

### OORDENKING

Wat ons weet, waaroor ons praat, en waarvan ons harte vol is, goed of sleg, wys of dwaas, vloei uiteindelik oor in ons gesprekke. Ons gedagtes beïnvloed grotendeels ons lewens, en daarom, as ons kies om afgesonder te leef, is dit noodsaaklik is om God se Woord voorop in ons gedagtes te hou. Daar is so baie boodskappe wat wedywer om ons, as vroue, se aandag in beslag te neem. Wanneer God se Woord egter die middelpunt van ons lewens is, word ons nie so maklik van koers af gedryf nie. Trouens, God se Woord anker ons sodat wanneer die golwe van beproewings, versoekings en onrus oor ons pad kom, is ons veilig in die waarheid geanker. Wanneer God se Woord ons harte en gedagtes versadig, vorm dit ons denke, begeertes en uiteindelik ons dade. Dit hou ons ook standvastig wanneer ons in die versoeking kom om kompromieë aan te gaan of twyfel of ons die regte besluit maak.

Die keuse om afgesonder te leef, is pragtig. Dit is 'n stille verklaring wat sê, "U weë is beter as myne. Daarom kies ek U, Jesus, bo die wêreld."

Die sleutelwoord in Josua 1:8 is "gehoorsaam". Ons moet kies om God se Woord in ons harte en denke te hou om God se wil vir ons lewens te ken en te gehoorsaam. Deel van om vroue wees wat afgesonder leef, teen die kultuur van die wêreld in, is in die daaglikse keuse om te sê: "U wil, nie myne nie." Om by 'n punt van so 'n oorgawe uit te kom, moet ons God se Woord dag en nag in ons gedagtes hê, en dit anker ons aan God se Waarheid. Die anker van sy Waarheid hou ons standvastig wanneer die veranderende getye van ons kultuur ons van koers af probeer dryf.

### GEBED

Dierbare Jesus, ek kies U bo die wêreld. Help my om u Woord lief te hê en dit in my hart te bewaar sodat ek dwarsdeur die dag krag en wysheid daaruit kan put. Stel my in staat om U te gehoorsaam, nie omdat ek moet nie, maar uit my liefde vir U en my begeerte om U met my lewe te eer. Amen.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*Psalm 1:1–6*

Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, 2 maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. 3 Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak. 4 So is die goddeloses nie. Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word. 5 Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie 'n plek hê in die vergadering van regverdiges nie. 6 Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

SOAP / *Psalm 1:1–3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

### SOAP

*Psalm 1:1–3*

*Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.*

### OORDENKING

Om 'n vrou te wees wat afgesonder leef, beteken dat ons keuses en lewe anders as die wêreld gaan lyk, en dit is goed. Ek hou daarvan hoe God se Woord direk tot ons harte spreek en vir ons die hoop, aanmoediging en wysheid gee wat ons nodig het om afgesonder vir Hom te leef. In Psalm 1:1 skets die psalmis 'n prentjie van 'n geseënde lewe, een wat vir God afgesonder is. Hy begin met hierdie kragtige woorde: "Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie!" Dit is 'n ernstige vermaning aan ons as vroue wat daarna streef om in die Here se weë te wandel, om vriende en invloede te kies wat ons help om in ons geloof te groei eerder as om ons te laat afdwaal.

Ek is egter oortuig dat die sleutel tot 'n lewe wat vir God afgesonder is, nie lê in wat ons moet vermy nie, maar eerder in wat ons moet nastreef. Vers 2 sê: "Maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." Liewe vriendin, wanneer ons ons in God se Woord verdiep, vind ons vreugde én rigting vir ons lewens. God se Woord word ons kompas wat ons gedagtes, dade en keuses rig.

Wanneer ons sy Woord oordink, word ons herinner aan wie God is, hoe lief Hy ons het en die wonderlike planne wat Hy vir ons lewens het. Die eindresultaat? 'n Lewe wat floreer: "Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak" (Psalm 1:3).

Wat 'n wonderlike belofte! Net soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, sal ons ook gevoed word en sterk groei, wanneer ons diep uit die put van God se Woord drink. Ons lewens sal vrugte dra en ons geloof sal standvastig bly.

### GEBED

Dierbare Jesus, help ons om voortdurend u Woord te bepeins en vir U afgesonder te wees, sodat ons soos 'n boom by waterstrome kan floreer en in elke seisoen van die lewe vrugte dra. Amen.

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

*Filippense 4:4-7*

Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5 Wees inskiklik teenoor alle
mense. Die Here is naby. 6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles
julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7 En
die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes
die wag hou in Christus Jesus.

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

SOAP / *Filippense 4:6–7*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

### SOAP

*Filippense 4:6–7*

*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

### OORDENKING

Ek ken die stryd om te voel asof die las van die wêreld op jou skouers rus. Party dae kan dit amper verlammend voel. Miskien het jy ook al soms gevoel dat die bekommernisse en sorge van die lewe swaar op jou druk. As jy al so gevoel het, wil ek jou herinner dat God se Woord vir ons ‘n wonderlike teenmiddel vir sulke benoude oomblikke bied: gebed. Gebed is ons direkte lyn na die Een wat ons lewens in die palm van sy hand hou. Filippense 4:6-7 herinner ons dat ons ons sorge in gebed na die Here toe kan bring, wat die situasie ook al mag wees, en Hy belowe om ons vrede te gee wat ons begrip te bowe gaan.

Gebed is egter veel meer as om net verligting van ons sorge te soek. Gebed help ons ook om afgesonder vir God te leef, en ons roeping ten volle te aanvaar om tot sy verheerliking te leef, nie ons eie nie. In ‘n selfie-behepte wêreld wat ons voortdurend aanspoor om selfbevrediging en selfwaarde na te jaag, is dit belangrik om te onthou dat ons geroep is tot ‘n ander, meer vervullende weg. Wanneer ons bid, verdiep en groei ons verhouding met God, raak ons meer ingestel op sy stem en kom ons harte meer in pas met Syne.

Dus, volgende keer as jou hart op loop sit en jou gedagtes handuit ruk, kom tot stilstand en bid. Omskep die gewone in die buitengewone, maak jou kombuis ‘n katedraal en laat jou pendeling ‘n pelgrimstog word. Wanneer jy jou sorge in gebede omskep, is jy op die regte pad om ‘n lewe te lei wat vir God afgesonder is.

### GEBED

Dierbare Jesus, help my om U te volg in plaas van om agter die wêreld aan te gaan. Help my om eerste na U toe te kom met al die bekommernisse en sorge wat my neerdruk. Vul my rustelose hart met u vrede en help my om U na ‘n stukkende wêreld te reflekteer. Amen.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

*Filippense 3:1-11*

Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe,
is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid. 2 Pas op vir daardie
dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie
betekenislose besnydenis! 3 Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur
sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge
vertrou nie. 4 Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat
hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: 5 ek is op die agste dag besny, van
geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting
was ek 'n Fariseër, 6 in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding
van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik. 7 Maar wat eers vir
my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8 ja, nog
meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken,
oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek
dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry 9 en een met Hom
kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in
Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. 10
Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind
en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11 in die
verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

# SOAP

*Week 1 • Donderdag*

SOAP / *Filippense 3:9–11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

### SOAP

*Filippense 3:9–11*

*Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.*

### OORDENKING

Paulus se gebed is dat Christene se liefde oorloop van kennis en insig. Dit gaan nie net oor om liefde te hê nie; dit gaan oor die kweek van ‘n liefde wat groei in begrip en wysheid, die pragtige verbinding van hart en verstand. Hierdie soort liefde lei tot onderskeidingsvermoë, reinheid en geregtigheid, alles tot eer van God.

As vroue wat ons lewens afgesonder van die wêreld lei, word ons geroep om hierdie soort liefde in ons lewens te koester. God het meer as genoeg liefde om ons leë harte te vul. Ons kan ook sy Woord lees om meer van hierdie liefde te leer, en daarna streef om deel te wees van ‘n gemeenskap wat ons uitdaag om in ons liefde te groei. Ons kan dit doen deur daagliks in God se Woord te wees, deur gebed en om onsself te omring met ‘n gemeenskap wat ons aanmoedig en uitdaag om ons geloof te laat groei. Deur dit te doen, kweek ons ‘n liefde wat in waarheid gegrond is, en wat nie deur die wêreld van koers af gebring word nie.

Wanneer ons gevul is met liefde, kennis en insig, kan ons wyse keuses maak en die lewe se uitdagings met grasie bestuur. Ons kan onderskei wat die beste is te midde van die chaos, verwarring en geraas. En ons kan ander liefhê met ‘n liefde wat suiwer, sonder blaam en gevul is met die vrug van geregtigheid.

Kom ons streef na hierdie soort liefde in ons eie lewens. Kom ons vra die Here om ons te help groei in kennis en insig terwyl ons sy Woord bestudeer, bid en gemeenskap met ander gelowiges het. Kom ons probeer om ander lief te hê soos Christus ons liefhet, terwyl ons sy heerlikheid en lof weerspieël in alles wat ons doen.

### GEBED

Liewe Jesus, baie dankie vir die liefde en wysheid wat U so mildelik aan ons gee. Help my om elke dag te groei in liefde en wysheid. Help my om in U te bly sodat ek die vrug van geregtigheid in my lewe kan voortbring wat slegs kan kom as ek my liefde en wysheid van U kry. Amen.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*Matteus 6:25-34*

Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle
moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is
die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? 26 Kyk na die wilde
voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie;
julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? 27
Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur
verleng? 28 En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies:
hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. 29 Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo
in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. 30 As God dan die gras van
die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te
meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges? 31 "Julle moet julle
dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet
ons aantrek?' nie. 32 Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle
hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. 33 Nee, beywer julle allereers
vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie
dinge gee. 34 "Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy
eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *Matteus 6:33*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

### SOAP

*Matteus 6:33*

*Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.*

### OORDENKING

Bo alles. Bo alles wat jou aandag eis. Bo alles wat aan jou hart ruk, jaag God na.

Om ‘n afgesonderde lewe te lei, gaan daaroor om ons verhouding met God te prioritiseer en Hom te vertrou om in ons elke behoefte te voorsien. Wanneer ons God volg in plaas van die wêreld, kies ons om afgesonder te lewe. Ons word koninkryksgesind en begin die wêreld en ons rol daarin met ‘n ander ingesteldheid sien. Ons vind dat ons skatte en ware bevrediging slegs in Hom gevind kan word.

Hoe soek ons eerstens God se koninkryk? Begin elke dag in gebed. Voordat jou voete die vloer tref of jy na jou foon gryp, bid en dank God vir die gawe van nog ‘n dag en vra Hom om jou daardeur te lei. Bid vir geleenthede om Hom te dien, en vir die wysheid om daardie geleenthede te herken. Delf in God se Woord deur die lees van die Bybel ‘n daaglikse gewoonte te maak, en vra die Heilige Gees om die waarhede van God se Woord te openbaar en hoe om dit op jou lewe toe te pas. Omring jouself met goddelike invloede deur kontak te maak met ander susters in Christus wat God se waarheid in jou lewe sal aanmoedig en sal spreek. Dien ander deur maniere te soek om in jou gesin, jou plaaslike kerk en jou gemeenskap te dien. En laastens, vertrou God met jou bekommernisse. Gee jou bekommernisse aan God oor en vertrou Hom om in jou behoeftes te voorsien.

Vriendin, wanneer ons doelbewus eers God se koninkryk soek, sal ons begin sien hoe ons lewens getransformeer word, keuse vir keuse en dag vir dag. Ons sal die vrede ervaar wat voortspruit uit vertroue in God se beloftes en die vreugde om tot sy eer te lewe.

### GEBED

Liewe Jesus, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied. Help my om ‘n lewe te lei wat afgesonder is vir U en U eer. Help my om u koninkryk en u geregtigheid bo enigiets anders na te jaag. Amen.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Hoe help die versadiging van ons hart en verstand met God se Woord ons om 'n afgesonderde lewe te lei en geanker te bly aan die waarheid?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

2. *Hoe kan ons die praktyk van om God se Woord dag en nag te bepeins, in ons lewens prakties implementeer om die seëninge en geestelike groei te ervaar wat in Psalm 1:1–3 beskryf word?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

3. *Hoe kan ons 'n daaglikse gewoonte van gebed aankweek om afgesonder vir God te lewe en sy vrede in elke situasie te ervaar?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

4. *Hoe kan jy doelbewus 'n liefde kweek wat oorloop van kennis en insig in jou daaglikse wandel met Christus? Hoe kan dit jou verhoudings met ander beïnvloed?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

5. *Hoe kan ons ons prakties beywer vir die koninkryk van God en dit prioritiseer bo enige iets anders in ons daaglikse lewe?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

*Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartelike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.*

*Romeine 12:9–10*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Om afgesonderd te wees beteken dat die manier waarop ons ander liefhet, anders moet lyk as die manier waarop die wêreld liefhet. Hoe kan jy hierdie week liefde, sorg, deernis of vergifnis aan iemand in jou lewe wys? As niemand in jou gedagtes opkom nie, vra God om iemand op jou hart te plaas en te openbaar hoe jy hierdie week sy liefde aan hulle kan wys.*

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Matteus 22:34-40*

Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle
bymekaargekom, 35 en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag
probeer vastrek. 36 "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" 37
Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en
met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste
gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê
soos jouself.' 40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

SOAP / *Matteus 22:37–38*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

### SOAP

*Matteus 22:37–38*

*Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod."*

### OORDENKING

Ek weet daar is dae wanneer dit voel of ons wêreld teen 'n onstuitbare pas draai. Werksvergaderings, sportoefeninge en ons alledaagse doenlysies oorweldig ons dikwels, wat dit maklik maak om dít wat werklik saak maak, uit die oog te verloor. Tog, te midde van dit alles, roep Jesus ons tot 'n dieper verhouding met Hom en herinner ons dat die belangrikste gebod is om God lief te hê.

Hoe het ons God waarlik lief met ons hele hart, siel en verstand? Wel, ek dink dit is belangrik om te onthou dat om God lief te hê nie net 'n emosie is nie, maar eerder ons verbintenis en toewyding aan Hom. Dit gaan daaroor om doelbewus 'n dieper verhouding met Hom na te streef en toe te laat dat sy liefde ons van binne en buite verander. Dit gaan daaroor om God lief te hê met alles wat ons het en alles wat ons is, selfs wanneer dit moeilik is. Dit beteken om ons vrese en onsekerhede aan Hom oor te gee, Hom toe te laat om ons toevlug en krag te wees, en Hom te vertrou vir krag, eerder as om alles in ons eie beperkte krag te probeer doen. Dit beteken ook dat ons probeer om Hom te eer in alles wat ons doen, om sy teenwoordigheid in elke oomblik te erken en 'n lewe van dankbaarheid te leef terwyl ons kies om sy vingerafdrukke op ons daaglikse aktiwiteite te sien.

Soos ons groei in ons liefde vir God, sal ons vind dat ons prioriteite begin verander. Die dinge wat eens so belangrik gelyk het, sal verdwyn in die lig van sy liefde. Ons sal vreugde en vrede vind te midde van ons omstandighede, want ons harte is in Hom geanker. God is getrou om jou te ontmoet net daar waar jy is en om die krag en genade te voorsien wat jy nodig het vir elke nuwe dag, sodat jy God heelhartig lief kan hê met jou lewe.

### GEBED

Liewe Jesus, help ons om U lief te hê met ons hele hart, siel en verstand. Vul ons met u liefde sodat u liefde in elke area van ons lewens kan oorloop, en ons lewens kan lei wat afgesonder is vir U en tot u eer. Amen.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Romeine 12:9-21*

Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is.10
Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar
en wees mekaar daarin tot voorbeeld. 11 Moenie in julle toewyding verslap nie,
bly altyd geesdriftig, dien die Here.12 Verbly julle in die hoop; staan vas in
verdrukking; volhard in gebed. 13 Help die medegelowiges in hulle nood en lê
julle toe op gasvryheid. 14 Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie
vervloek nie. 15 Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.
16 Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle
by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. 17 Moenie kwaad met kwaad vergeld
nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. 18 As dit moontlik is, sover dit van julle
afhang, leef in vrede met alle mense. 19 Moenie self wraak neem nie, geliefdes,
maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is
mý reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here. 20 "As jou vyand honger is, gee
hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen,
maak jy hom vuurrooi van skaamte." 21 Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin
nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP /** *Romeine 12:9–10*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

### SOAP

*Romeine 12:9–10*

*Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.*

### OORDENKING

Ek weet dat ons, as vroue, almaI baie rolle het en die balle van tallose verantwoordelikhede in die lug moet probeer hou. Ons dae is vol oomblikke wat liefde en deernis vereis, vir onsself en ook vir ander, wat dit moeilik maak om met ‘n opregte hart lief te hê, veral wanneer ons oorweldig, seergemaak of ongewaardeerd voel.

Op sulke tye moet ons onthou dat ons vermoë om ander opreg lief te hê van God kom en nie uit onsself nie. God is die bron van alle liefde, en wanneer ons sy liefde deur ons laat vloei, kan ons ander met ons hele hart liefhê, selfs wanneer dit moeilik is, selfs wanneer ons nie so voel nie.

Op sulke dae wanneer dit moeilik voel om ander lief te hê, begin om te fokus op die klein liefdesdade wat ‘n groot impak kan maak. Stuur ‘n bemoedigende teksboodskap vir ‘n vriend of vriendin wat ‘n moeilike tyd deurmaak. Bied vir ‘n buurvrou hulp aan met haar kruideniersware. Verras jou man of gesinslid met ‘n klein liefdesdaad. Dit is in sulke alledaagse oomblikke dat ons ons liefde vir ander kan wys en God se liefde deur ons kan laat skyn.

Maar nog belangriker as die uiterlike dade is die hart daaragter. As jy sukkel om ander lief te hê, vra God om van sy grenslose liefde in jou hart uit te stort. Hy sal jou help om diegene om jou opreg en toegewyd lief te hê. As ons toelaat dat God se liefde ons harte volmaak, sal dit van nature oorloop in ons verhoudings, wat dit makliker maak om ander bo onsself te ag.

Liewe vriendin, weet dat jy nie alleen op hierdie reis is nie. Leun op God se genade. Dit is ‘n proses vir ons elkeen. Ons almal sukkel soms om ander met ons hele hart lief te hê, maar die pragtige waarheid is dat ons ‘n liefdevolle God het wat altyd met ons is, altyd gereed om ons te lei en te bemagtig. Ek bid vandag dat jy sy liefde vir jou sal aangryp, en dat liefde in die lewens van diegene om jou sal oorspoel.

### GEBED

Liewe Jesus, help my om ander lief te hê soos U wil hê dat ek hulle moet liefhê. Gee my die liefde wat ek aan ander moet gee. Help my om ander waarlik lief te hê, veral op die dae wanneer ek voel of ek nie meer liefde het om te gee nie. Help my om vrygewig te wees met die liefde wat U my gee en ander te eer in my strewe om U met my lewe te eer.

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Johannes 13:34-35*

Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

SOAP / *Johannes 13:34–35*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

### SOAP

*Johannes 13:34–35*

*"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."*

### OORDENKING

In 'n wêreld waar harde woorde, veroordeling en onverskilligheid aan die orde van die dag is, kan dit soos 'n onmoontlike stryd voel om ander opreg en heelhartig lief te hê. Ek weet vir party van ons kan hierdie gebod soos 'n onrealistiese versoek voel. Maar met God se hulp kan ons dit regkry. Jesus kon Petrus liefhê en vergewe nadat hy Hom verloën het. Jesus was bereid om diegene wat Hom gemartel en aan die kruis vasgespyker het, lief te hê en te vergewe. Hy vra nie dat ons iets moet doen wat Hy nie alreeds gedoen het nie. Om lief te hê soos Jesus liefgehad het, is om sy genade, ontferming en oneindige deernis te weerspieël aan 'n wêreld wat Hom nie ken nie. Weet vir seker, Jesus verstaan hoe moeilik dit is om mense wat ons seergemaak het, lief te hê. Liefde is egter veronderstel om 'n kenmerk te wees van hulle wat sy naam dra. Ons is liefdevol omdat Hy liefde is.

Wees in die normale gang van jou dag op die uitkyk na geleenthede om ander lief te hê – nie net met jou woorde nie, maar ook met jou dade. Liefde vir mekaar beteken nie dat ons oor alles moet saamstem, of selfs dat ons nooit geskille gaan hê nie. Wat dit wel beteken, is dat ons, ten spyte van ons verskille, kies om die beeld van God in elke mens te sien en net soveel genade as wat ons ontvang het aan hulle te bewys. Liefde is 'n daad, nie noodwendig 'n emosie nie.

In 'n wêreld wat dikwels koud en afsydig voel, kan ons liefde vir mekaar soos 'n warm omhelsing wees wat ander na die hart van Jesus aantrek. Wanneer ons met ons hele hart liefhet, word ons 'n lewende getuienis vir die wêreld dat ons sy dissipels is. Ons liefde word 'n baken van hoop wat die pad vir ander verlig om die lewensomvormende krag van Jesus se liefde wat lewens verander, te ervaar.

### GEBED

Here Jesus, help ons om mekaar heelhartig lief te hê en die liefde wat U deur u offer bewys het, te weerspieël. In u naam, Amen.

**LEES**

*Week 2 • Donderdag*

*Spreuke 4:20-27*

My seun, hoor wat ek vir jou sê, luister goed na my woorde! 21 Moet dit nie vergeet nie, hou dit altyd in gedagte, 22 want dit beteken lewe vir dié wat daarna luister, 'n volle lewe vir hom wat dit besit. 23 Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. 24 Weerhou jou van leuens, moenie mense mislei nie. 25 Hou jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit. 26 Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree. 27 Moenie links of regs wegdraai nie, weerhou jou van die verkeerde koers.

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP** / *Spreuke 4:23*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

### SOAP

*Spreuke 4:23*

*Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. (1983)*

*Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar word, want daaruit ontspring die lewe. (AFR20)*

### OORDENKING

In hierdie vinnige, voortdurend veranderende wêreld kom ons voor tallose afleidings, versoekings en invloede te staan wat ons op 'n dwaalspoor en weg van God af kan lei. Ons weet tog dat ons 'n vyand het wat agter ons harte aan is. Hy is meedoënloos in sy strewe om te steel, te moor en die oorvloedige lewe wat God vir ons bedoel het, te verwoes (lees Johannes 10:10). Dit moenie spanning by ons veroorsaak nie want wanneer ons leer om ons harte te bewaak, beskerm ons ons harte, verstand en emosies teen die vyand se taktieke.

Hoe kan ons effektief leer om in vandag se kultuur ons harte op 'n Bybelse manier te bewaak? Deur te let op wat ons in ons harte toelaat. Die eerste stap om ons harte te bewaak is om ons in God se Woord te verdiep, 'n liefde en 'n begeerte te kweek om by "Jesus se voete te sit" en by Hom te leer. Namate ons kennis en begrip van God toeneem, sal ons liefde ook meer word. Tweedens weet ons dat ons vir gemeenskap gemaak is. Ons moet ons doelbewus met goddelike raad omring en God se wysheid soek. Laastens, om te leer hoe om ons harte te bewaar, moet ons deur 'n Christus-gefokusde lens bly kyk na die wêreld en hoe ons daarmee omgaan. Dit behels dat ons daadwerklik kies wat ons toelaat om ons gedagtes, optrede en gesindhede te beïnvloed en om seker te maak dat daardie invloede ooreenstem met God se waarheid en liefde.

Ons ontwikkel 'n dieper, meer intieme verhouding met God wanneer ons ons harte bewaak. Ons raak meer sensitief vir sy stem en die influisteringe van die Heilige Gees. Ons harte word vrugbare grond wat gereed is om sy waarheid te ontvang, in genade toe te neem en geestelike vrugte in ons lewens voort te bring wat Hom verheerlik. Om ons harte te bewaak is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n lewenslange reis wat daaglikse toewyding vra.

### GEBED

Here Jesus, dankie dat U ons herinner hoe belangrik dit is om ons harte bo alles te bewaak. Help ons om op u waarheid gefokus te bly en ons met 'n godvresende gemeenskap te omring. U alleen is ons werklike bewaarder en bron van wysheid en krag. Help ons om ons harte te bewaak sodat ons U en ander waarlik kan liefhê. Amen.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Kolossense 3:12-17*

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

## SOAP

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP** / *Kolossense 3:12–13*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

### SOAP

*Kolossense 3:12–13*

*Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.*

### OORDENKING

Dit is geen geheim dat liefde en vergifnis twee noodsaaklike elemente in ons Christelike lewenswandel is nie. In vandag se wêreld is dit maklik om oorweldig te word deur die seer en teleurstellings wat ons daagliks beleef. Jy is egter nie alleen nie. Ons leef in 'n gebroke wêreld met gebroke mense wat ander gebroke mense seermaak. Ons het almal genade nodig, en ons het almal Jesus nodig. En omdat Jesus ons vergewe het, kan ons hulle vergewe. Ek weet dit is moeilik. Ek weet jou pols versnel en slaan 'n maat oor as jy net daaraan dink om daardie persoon te vergewe. Dit kan nie in jou krag gedoen word nie, maar dit kan in Syne. Vra Hom daarvoor. Wanneer ons ander kan vergewe en God se vergifnis vir onsself kan aanvaar, onderskei God se vergifnis ons en word die hoop op vergifnis aan 'n lydende wêreld gewys.

As vroue van God word ons geroep om sagmoedig, vriendelik, nederig en geduldig te wees. Maar die sleutelbestanddeel in hierdie Goddelike resep is vergifnis. Vergifnis is nie net 'n mooi idee of 'n voorstel nie; dit is 'n opdrag van ons hemelse Vader, gegee uit liefde vir ons eie beswil.

Vriende, ek weet om iemand te vergewe wat jou seergemaak het, kan ongelooflik moeilik wees. Ongelukkig sê ons menslike natuur vir ons om vas te hou aan wrok, woede en bitterheid. Maar dit is nie God se manier nie. Inteendeel, sy liefde verander ons, wys ons hoe om te vergewe en in daardie vergifnis, die vryheid van sy genade te vind.

Wanneer ons kies om te vergewe, bevry ons onsself van die kettings van bitterheid en ervaar ons die vryheid wat voortspruit uit om in gehoorsaamheid aan God se Woord te wandel. Soos ons hierdie pad loop, word ons verhoudings met ander sterker en meer eg. Ons word meer soos Jesus en weerspieël sy liefde en genade aan 'n wêreld wat dit broodnodig het.

### GEBED

Liewe Jesus, help ons om vergifnis en liefde met ope arms aan te neem omdat U ons liefgehad en vergewe het. Leer ons om die seer van die verlede te laat gaan en te wandel in die vryheid wat u genade bied. Amen.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Watter praktiese stappe kan jy elke dag neem om 'n dieper verhouding met God te kweek en Hom met jou hele hart lief te hê?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

2. *Hoe kan jy vandag doelbewus en opreg liefde en eer demonstreer aan diegene rondom jou, sodat God se liefde uitvloei deur jou dade en woorde?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

3. *Hoe kan jy doelbewus liefde aan iemand in jou lewe betoon?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

4. *Wat is een stap wat jy kan neem om jou hart meer doelbewus te bewaak?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

5. *Is daar iemand wat jy moet vergewe? Laat die liefde van Christus jou lei terwyl jy daardie stap neem na genesing en vryheid.*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

En nou doen ek 'n beroep op
julle, broers, op grond van die
groot ontferming van God: Gee
julleself aan God as lewende
en heilige offers wat vir Hom
aanneemlik is. Dit is die
wesenlike van die godsdiens wat
julle moet beoefen. Julle moenie
aan hierdie sondige wêreld
gelyk word nie, maar laat God
julle verander deur julle denke
te vernuwe. Dan sal julle ook
kan onderskei wat die wil van
God is, wat vir Hom goed en
aanneemlik en volmaak is.

Romeine 12:1–2

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Om ons gedagtes afgesonderd van die wêreld te hou is 'n voordurende stryd. Ons gedagtes word gereeld gevul deur wat rondom ons is. Kyk hierdie week eerlik na die dinge wat jy elke dag in jou gedagtes plaas, insluitende boeke, TV-programme, flieks, musiek, sosiale media, foto's ens. Moedig hierdie dinge jou aan om afgesonderd te wees vir God? Vernuwe dit jou gedagtes met die dinge van God? Indien nie, hoe kan jy 'n verandering maak aan dít wat jou gedagtes vul, sodat dit God eer?*

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Romeine 12:1-2*

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. 2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

## SOAP

*Week 3 • Maandag*

**SOAP** / *Romeine 12:1–2*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

### SOAP

*Romeine 12:1–2*

*En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

### OORDENKING

Net soos 'n ruspe 'n metamorfose ondergaan om 'n pragtige skoenlapper te word, kan ons ook transformasie in ons lewens ervaar wanneer ons toelaat dat die Woord van God ons harte en gedagtes omring en ons van binne na buite verander. Wanneer God ons harte en gedagtes verander met sy waarheid, maak Hy ons meer soos Christus. Ons word meer liefdevol, meer vergewensgesind en meer vol genade.

Ek ken die druk wat ons kultuur op ons plaas om aan sy standaarde van skoonheid, sukses en waarde te voldoen. As ons nie waaksaam is nie, is dit maklik om in die strik te trap van om aan die wêreld se standaarde te voldoen, maar as dogters van die Koning word ons geroep tot 'n hoër doel. Ons word geroep om afgesonder te wees. Ons is in die wêreld, maar ons is nie van die wêreld nie.

Om God se Woord toe te laat om gesag in ons lewens te hê, vorm ons gedagtes, dade en reaksies. Ons sien nie die wêreld soos wat ons dit vroeër gesien het nie. In plaas daarvan ontvang ons 'n nuwe en beter gesigshoek, 'n hoër gesigshoek as wat ons eens gehad het. Wanneer ons dit doen, vind ons vryheid, vreugde en doel in ons lewens, ongeag die omstandighede wat ons in die gesig staar of wat oor ons pad kom. Ons weet die beste kom nog. Ons leef dus gewillig lewens van opoffering en diens, wetende dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie, en dit is ook nie die einde nie; ons reis net deur.

### GEBED

Hemelse Vader, dankie vir die gawe van u Woord. Vernuwe asseblief ons gedagtes daagliks wanneer ons onsself in u waarheid verdiep sodat ons verander kan word na die beeld van u Seun, Jesus Christus. Amen.

## LEES

*Week 3 • Dinsdag*

*Spreuke 4:1-9*

Kinders, neem die opvoeding wat ‘n vader julle gee, ter harte; slaan daarop ag,
sodat julle kan leer wat insig is, 2 want wat ek julle leer, is goed; moenie die
onderrig wat ek gee, versmaai nie. 3 Ek was ook eenkeer ‘n kind, my moeder se
oogappel, haar enigste. 4 My vader het my toe ook geleer en vir my gesê: “Wat ek
jou sê, moet jy vashou, my voorskrifte moet jy uitvoer, sodat jy werklik kan lewe.
5 Sorg dat jy wysheid bekom, en insig! Moenie my woorde vergeet en daarvan
afwyk nie; 6 maak die wysheid jou metgesel, dit sal jou beskerm; as jy dit liefhet,
sal dit jou veilig bewaar. 7 Die wysheid kom eerste. Sorg dat jy wysheid bekom,
gee alles wat jy het, om insig te kry! 8 Slaan dit hoog aan, dan sal dit aan jou
aansien gee. Dit sal jou ‘n man van betekenis maak as jy dit vasgryp. 9 Dit sal jou
lewe versier, dit sal vir jou ‘n sierlike kroon wees.” 10 Luister, my seun, en aanvaar
wat ek jou sê; dit sal jou lewensjare baie maak. 11 Ek sal jou leer wat die pad van
die wysheid is en jou die regte koers laat loop. 12 As jy loop, sal daar niks in jou
pad wees nie, en as jy hardloop, sal jy nie struikel nie. 13 Hou vas aan wat ek jou
leer, moet dit nie laat los nie; bly daarby, want dit is jou lewe. 14 Moenie agter
die goddeloses aanloop nie, vermy die pad van slegte mense. 15 Los dit, moenie
daarop loop nie, draai weg, vermy die slegte mense; 16 hulle kan nie slaap as
hulle nie kwaad gedoen het nie; hulle lê wakker as hulle nie iemand se ondergang
bewerk het nie. 17 Misdaad is hulle kos, geweld hulle drank. 18 Die pad van die
regverdiges is soos helder oggendlig wat groei en sterker word tot dit heeltemal
dag is; 19 die pad van die goddeloses is soos die donker: hulle weet nie waaroor
hulle sal struikel nie.

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *Spreuke 4:6–7*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

### SOAP

*Spreuke 4:6–7*

*...maak die wysheid jou metgesel, dit sal jou beskerm; as jy dit liefhet, sal dit jou veilig bewaar. Die wysheid kom eerste. Sorg dat jy wysheid bekom, gee alles wat jy het, om insig te kry!*

### OORDENKING

Om God se wysheid bo die wêreld se wysheid te ag, is ‘n manier waarop ons kies om ons lewens afgesonder te leef. God se wysheid is soos ‘n kosbare skat en Hy wil hê ons moet dit met ons hele hart najaag. Wanneer ons wysheid liefhet, sal dit ons bewaak, beskerm en op die regte pad hou. Maar hoe verkry ons wysheid? Ons moet begin deur dit deur God se Woord te soek. Deur die Skrif te lees en daaroor na te dink, help dit ons om wysheid en insig vir ons daaglikse lewe te verkry.

Terwyl jy daagliks die Bybel lees, vra God om sy wysheid aan jou te openbaar en jou te help om dit in jou lewe toe te pas. Ons weet uit Jakobus 1:5 dat God vrygewig is om sy wysheid aan ons te gee wanneer ons vra, so as jy vind dat jy nie verstaan nie of dat jy meer insig nodig het oor wat jy lees, wees eerlik met God en vra Hom vir die begrip wat jy nodig het. Om in wysheid te groei is ‘n reis, so moenie moedeloos raak nie. Soos jou verhouding met God verdiep, so sal jou wysheid ook verdiep, want jy sal dit koester en die waarde daarvan in jou lewe raaksien.

Wanneer ons kies om afgesonderd vir God te leef en in wysheid te wandel, ervaar ons die vreugde en vrede wat kom uit ‘n lewe wat in lyn is met God se doel. Ons koester die wysheid wat God so mildelik gee en terwyl ons dit doen, word ons beter toegerus om die uitdagings van die lewe met genade en moed die hoof te bied.

### GEBED

Hemelse Vader, dankie vir u Woord en die wysheid wat dit bied. Help ons asseblief om daagliks u wysheid te soek en dit in ons lewens toe te pas. Amen.

**LEES**

*Week 3 • Woensdag*

*Spreuke 3:5-6*

Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. 6 Ken
Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

## SOAP

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP** / *Spreuke 3:5–6*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

### SOAP

*Spreuke 3:5–6*

*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.*

### OORDENKING

As jy iets soos ek is, vind jy soms dat jy dinge heeltemal te veel oordink. Ek vind dikwels dat my gedagtes paaie neem waar dit nie behoort te wees nie. Wanneer ek dit doen, begin bekommernisse en "wat as" denke my gedagtes vul en my hart kwel. Dit is in daardie oomblikke dat ek in die versoeking kom om op my eie begrip staat te maak om die probleem vanuit my beperkte oogpunt op te los. Ek betrap myself dat ek op my eie redenasies steun, of luister na goddelose raad van vriende of familie in plaas daarvan om na God te gaan. In plaas daarvan om die situasie aan Hom te onderwerp, sy wysheid te soek en Hom te vertrou om vir my wysheid en insig in die probleem te gee, wil ek dit met my krag en kennis oplos.

Ek weet dit kan soms moeilik wees om God met ons hele harte te vertrou. Om God so te vertrou, beteken dat ons volledig toegewy is, alles aan Jesus se voete oorgee en Hom vertrou om die werk te doen. Dit is skrikwekkend om so kwesbaar te wees, en tog is dit in daardie oomblikke wanneer ons kies om ons geloof in God se wysheid en onveranderlike karakter te plaas dat ons soos 'n baken van lig teen die duisternis uitstaan, heeltemal afgesonder. In daardie tye openbaar ons aan ander dat ons fondasie wat op God se Woord gebou is, sterker is as die verskuiwende sand van menslike wysheid.

Ek weet om op die Here te vertrou is nie altyd maklik nie, maar dit is altyd die moeite werd. Wanneer ons kies om Hom in al ons weë te ken, belowe Hy om ons paaie gelyk te maak. Hy sal ons deur die onsekerheid van ons lewens lei, die mis van verwarring wegneem en ons duidelikheid gee wanneer ons in geloof wandel. God belowe dat wanneer ons Hom vertrou en ons weë aan Hom onderwerp, Hy ons paaie gelyk sal maak.

### GEBED

Hemelse Vader, dankie dat U my vaste Rots en my bron van wysheid is. Help my om U met my hele hart te vertrou en nie op my eie begrip te steun nie, maar om alles aan U te onderwerp. Amen.

## LEES

*Week 3 • Donderdag*

*Efesiërs 4:17-24*

In die Naam van die Here doen ek ‘n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos
heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks,
18 hulle verstand is verduister, en
hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in
hulle onkunde volhard.
19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met
‘n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.
20 Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie.
21 Julle het tog van Hom
gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat
in Jesus is.
22 Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die
ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.
23 Julle gees
en gedagtes moet nuut word;
24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van God
geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

SOAP / *Efesiërs 4:22–24*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

### SOAP

*Efesiërs 4:22–24*

*Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.*

### OORDENKING

In Christus kan jy verander. Jy word nuut gemaak. Dit beteken dat jy nie hoef te dink soos jy vroeër gedink het nie. God is kragtig genoeg om jou van binne na buite te transformeer, en dit sluit die transformasie van jou verstand en jou gedagtes in. Jy is nie meer 'n slaaf van jou ou maniere van leef en dink nie. As gevolg van Jesus kan jy vorentoe kyk na 'n nuwe en beter toekoms.

Maar moenie moedeloos word as die verandering tyd neem nie. God se transformasiewerk gebeur nie alles oornag nie, maar dit is 'n proses, en dikwels 'n pynlike een. Ons ou, sondige self moet elke dag doodgemaak word terwyl ons ons aan God se Gees oorgee om die transformerende werk in ons te doen. Sommige van ons ou gewoontes en denkpatrone kan maande, selfs jare neem om te verander. Onthou net, die tydlyn is nie wat belangrik is nie; wat saak maak, is ons gehoorsaamheid soos ons groei om meer en meer soos Jesus te lyk.

Neem dus jou nuwe identiteit in Christus met ope arms aan en soos jy dit doen, word 'n lewende getuienis van sy liefde en genade, wat 'n lig in die duisternis skyn en ander wys dat God enigiemand kan verander. Laat jou lewe 'n verheerlikende, genadekleurige doek word waarop God die mooiste verhaal van verlossing en herstel skilder, en laat ander weet dat hulle ook lewens vol genade en vryheid in Christus kan leef as hulle kies om hul lewens afgesonder vir God te leef. Weg is jou vorige manier van lewe. Jy is nuut geskape in Christus. Omhels jou nuwe begin.

### GEBED

Liewe Jesus, dankie dat U my 'n nuwe skepping in Christus gemaak het. Help my om my nuwe identiteit met ope arms aan te neem en te leef in die vryheid wat U bied, deur u lig te skyn vir almal om te sien. Amen.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Jesaja 41:10*

Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

SOAP / *Jesaja 41:10*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

### SOAP

*Jesaja 41:10*

*Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.*

### OORDENKING

Kan jy jou voorstel om jou lewe sonder vrees te leef? Hoe sou dit lyk? Hoe sou jou lewe verander? Ek weet dit is moeilik om ons te probeer indink aan ons lewens sonder vrees en tog sê God vir ons oor en oor om nie te vrees nie. Om te kies om sonder vrees te lewe, is nog ‘n manier waarop ons kan kies om ‘n lewe te lei wat afgesonder is tot God se eer.

Wanneer ons vrymoedig is in ons geloof en God op sy Woord neem, kies ons om teen die kultuur van die wêreld te lewe. Ongelukkig wil die wêreld hê ons moet as gevangenes lewe, vasgebind en verstrengel in vrees: vrees vir ons toekoms, vrees vir die “wat as” wat ons gedagtes in die middel van die nag teister, en vrees om nie genoeg te hê of te wees nie.

Tog sê God in Jesaja 41:10 vir ons om nie te vrees nie. Hoekom? Omdat Hy by ons is. Hy is ons krag. Hy is ons hulp. Hy is die een wat kragtig genoeg is om ons op te hou. En as gevolg van hierdie waarheid hoef ons nie in vrees te lewe nie. God ken ons toekoms, en Hy is reeds daar. Ongeag die stryd, uitdagings of hartseer wat oor ons pad mag kom, ons is nooit alleen nie.

Moenie jou vrese oor en oor in jou gedagtes herhaal nie. Herhaal eerder God se beloftes.

Wanneer jy daardie waarheid kan begryp, kan jy met selfvertroue enige uitdaging, enige hindernis en enige omstandighede wat oor jou pad kom, die hoof bied. Kies vandag om vreesloos te lewe, met die wete dat God aan jou sy is. Wanneer jy kies om God op sy Woord te neem in plaas daarvan om aan wanhoop toe te gee, wanneer jy geloof bo vrees kies, kies jy om afgesonder te lewe.

### GEBED

Liewe Jesus, dankie vir die belofte dat U met ons is en dat U ons sal versterk en onderhou. Help ons om vrymoedig te lewe, sonder vrees, om die lewe waartoe U ons geroep het, te omhels. Amen.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Wat is een praktiese stap wat jy vandag kan neem om jou denke met God se Woord te vernuwe?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

2. *Watter praktiese stappe kan jy neem om dit 'n prioriteit te maak om God se wysheid deur sy Woord te soek?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

3. *In watter area van jou lewe kan jy beheer oorgee en eerder op die Here vertrou?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

4. *Hoe kan jy jou nuwe identiteit in Christus uitleef, die ou self loslaat en wandel in die vryheid wat Hy verskaf?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

5. *Hoe sal jou lewe anders wees as jy kies om nie in vrees te lewe nie?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

*Of besef julle nie
dat julle liggaam 'n
tempel van die Heilige
Gees is nie? Julle
het die Heilige Gees,
wat in julle woon, van
God ontvang, en julle
behoort nie aan julleself
nie: julle is gekoop,
en die prys is betaal.
Julle moet God dus in
julle liggaam verheerlik.*

*1 Korintiërs 6:19–20*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Wanneer ons ons geloof in Christus plaas word ons liggame 'n tempel van die Helige Gees, die letterlike plek waar Hy woon. Het jy in die verlede vir jou liggaam gesorg? Hoe kan jy hierdie week voortgaan om vir jou liggaam te sorg deur genoeg slaap te kry, fisies aktief te wees, goed te eet en gesond te bly?*

**LEES**

*Week 4 • Maandag*

*Markus 10:42-45*

Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. 43 Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 44 en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. 45 Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *Markus 10:45*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

### SOAP

*Markus 10:45*

*Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie mense.*

### OORDENKING

Dit is ongelooflik om te besef dat die Koning van die konings wat die aarde geskep het en almal daarin, het Homself verneder en gekies om diegene wat Hy gemaak het, te dien. In Markus 10 sien ons hoe Jesus 'n belangrike gesprek met sy dissipels voer oor wie die grootste in sy koningkyk is. Tot die dissipels se verbasing het Jesus daarop gewys dat ware grootheid nie daaruit kom om gedien te word nie, maar om ander te dien. Die lewe gaan nie oor titels, mag of posisies nie. Dit gaan nie oor by wie jy sit nie, maar eerder wie jy dien. Jesus het die mees ongelooflike voorbeeld gestel deur te dien tot die punt om sy lewe as 'n losprys vir almal te gee.

Hierdie anderse manier van lewe is die voorbeeld wat Jesus ook vir ons stel. As sy volgelinge is ons geroep om dieselfde te doen, maar weet jy wat? Dit is nie altyd so maklik nie, nê? Die wêreld sê vir ons om uit te kyk vir nommer een: jouself. As jy nie uitkyk vir jouself nie, wie anders sal? Volgens die wêreld is die belangrikste in jou lewe jou geluk en nie jou heiligheid nie.

Tog roep Jesus ons tot 'n ander manier van lewe. Hy roep ons om ander te dien en lief te hê, selfs wanneer dit ongemaklik of ongerieflik is. Hoekom? Wanneer ons Christus se voorbeeld volg om ander te dien en hulle behoeftes bo ons eie te stel, wys ons sy liefde en genade aan die wêreld. Wanneer ons kies om soos Jesus te lewe, getuig ons van die transformerende krag van die evangelie. Ons word 'n lig in die duisternis wat die hart van Jesus weerspieël aan diegene rondom ons.

Die waarheid is, om ander te dien kan vir elke persoon anders lyk. Die sleutel om ander te dien is om God vir leiding te vra en bereid te wees om in geloof uit te tree wanneer Hy ons geleenthede wys om te dien en afgesonder te lewe.

### GEBED

Liewe Jesus, help my om ander te dien met dieselfde liefde en nederigheid wat U gewys het. Help my om diegene te dien wat U in my lewe geplaas het, deur u hart aan 'n seer wêreld te weerspieël. Amen.

**LEES**

*Week 4 • Dinsdag*

*Efesiërs 4:14-16*

Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en
heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met
hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. 15 Nee, ons sal in
liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers
die hoof, 16 en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele
pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so
bou die liggaam homself op in liefde.

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *Efesiërs 4:15*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

### SOAP

*Efesiërs 4:15*

*Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof,*

### OORDENKING

Ek weet dat die gedagte om die waarheid in liefde te praat kan jou dalk siek laat voel. Dit is moeilik om onwrikbaar teenoor die waarheid te wees, deernisvol teenoor ander en ook nie bang te wees vir wat hulle mag sê of dink nie. Alhowel ek nooit sou beweer dat ek dit perfek in my lewe uitleef nie, en erken dat ek al baie foute op hierdie gebied gemaak het, het ek een geheim geleer: Wanneer ek wel geroepe voel om die waarheid te spreek tot iemand, maak ek seker dat die rede waarom ek met hulle praat is as gevolg van my liefde en deernis vir hulle. Motivering is die sleutel. Wanneer ek gemotiveer word deur my liefde vir daardie persoon en my liefde vir God kan ek die waarheid in liefde spreek.

Jesus het vir ons die perfekte voorbeeld gestel van hierdie delikate balans. Wanneer ons kies om die waarheid in liefde te spreek, volg ons Christus se voorbeeld en stel ons onsself as anders, in 'n wêreld waar mense dikwels prioritiseer om ander te behaag eerder as om eerlik te wees.

Die keuse om die waarheid te spreek moet in liefde gedoen word. Dit moet nie in woede of met eiewaan gespreek word nie. Inteendeel, dit kan wees om jou besorgdheid te deel met 'n vriendin oor haar onlangse besluite, of om 'n moeilike gesprek te hê met 'n geliefde oor hul ongesonde gedrag wat vir jou besordheid oor hul toekoms veroorsaak. Wanneer ons die waarheid in liefde spreek, wys ons ons liefde vir die persoon en wys hulle terug na Jesus.

Om die waarheid in liefde te spreek beteken ook nie om mooi praatjies te praat of die moeilike gesprekke te versag of te vermy wanneer dit nodig is nie. Inteendeel, dit beteken om hierdie situasies in gebed en met genade, begrip en liefde te benader en om die ander persoon te sien floreer in hul lewenswandel met God.

Moenie dat vrees jou keer om die waarheid in liefde te spreek nie. Bid en vertrou dat God jou in hierdie oomblikke sal lei. Wanneer jy kies om Christus se voorbeeld te volg, sal jy die vreugde en vryheid ervaar wat kom wanneer jy 'n lewe van waarheid en liefde leef deur die moeilike te kies wanneer dit tot voordeel van die individu is.

### GEBED

Liewe Jesus, dankie dat U my leer hoe belangrik dit is om die waarheid in liefde te spreek. Help my om moedig te wees in my gesprekke en om dit altyd 'n prioriteit te maak om waarheid in liefde te spreek, bo enige iets anders. Amen.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Efesiërs 5:1-5*

Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. 2
Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n
offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. 3 Soos dit gelowiges
betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder
julle selfs geen sprake wees nie. 4 Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by
julle nie; nee, dank aan God pas by julle. 5 Dít moet julle goed besef: iemand wat
ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het
nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *Efesiërs 5:1–3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP**

*Efesiërs 5:1–3*

*Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle geen sprake wees nie.*

**OORDENKING**

As kinders van God moet ons soos ons Vader lyk. Soos ons groei en volwasse word in ons geloof behoort ons meer en meer van God se eienskappe aan te neem om navolgers van God te word. Ons hemelse Vader wil hê ons moet streef na heiligheid, al sal ons eers in die hemel volmaak wees. Tog sal Hy ons gee wat ons nodig het om 'n afgesonderde lewe te lei, veral as ons probeer om in liefde te wandel net soos Christus ons liefgehad het. Jesus se liefde vir ons was so groot dat Hy Homself vir ons gegee het as 'n geurige offer aan God. Dit is 'n diep, onwrikbare liefde wat ons geroep is om in ons lewens na te boots.

Wanneer ons God navolg, skyn ons sy lig in 'n donker wêreld deur die verskil te wys wat God in ons lewens maak. Ons word lewende voorbeelde van God se genade en liefde vir diegene rondom ons. Ons is geroep om anders te wees. Ons is geroep om uit te staan. Ons is geroep om afgesonder te lewe. Die manier waarop ons ander liefhet, die manier waarop ons optree en die manier waarop ons kies om ons lewens te lei, behoort alles 'n weerspieëling van God se goedheid te wees.

Om afgesonder te wees is besonders! Dit beteken dat ons ons doel uitleef en die wêreld wys hoe dit lyk om hand aan hand met ons Vader te loop. Wannneer ons aanvaar wie ons is in Christus, as dierbare geliefde kinders, sal ons nie wil weerspieël wat nie 'n weerspieëling van ons Vader is nie. In plaas daarvan sal ons seksueel rein, vriendelik en vrygewige lewens wil lei omdat ons in liefde die Een wil weerspieël wat so oorvloedig vir ons opgeoffer het.

**GEBED**

Liewe Jesus, help my om 'n navolger van U te wees, in liefde te wandel en uit te staan as u kind. Mag my lewe 'n getuienis wees van u genade en liefde. Amen.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*1 Tessalonisense 4:1-8*

En nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer
hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die
Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe. 2 Julle ken
die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het. 3 Dit
is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. 4
Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; 5
julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir
God nie ken nie. 6 Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy
broer bedrieg nie, want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al
vroeër gewaarsku; ons het julle nadruklik hierop gewys. 7 God het ons nie geroep
om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe. 8 Wie hierdie voorskrifte
verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy
Heilige Gees aan julle gegee het.

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP** / *1 Tessalonisense 4:3–5, 7*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

### SOAP

*1 Tessalonisense 4:3–5, 7*

*Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie. God het ons nie geroep om ondedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe.*

### OORDENKING

So baie mense worstel daarmee om te weet wat God se wil vir hul lewens is, en tog lees ons duidelik in 1 Tessalonisense 4:3 dat dit God se wil vir jou is om 'n heilige, regverdige lewe te leef. Eenvoudig gestel, dit beteken dat God wil hê dat ons moet wegbly van seksuele immoraliteit, wat enige seksuele aktiwiteit buite die huweliksverbond tussen een man en een vrou insluit. Die waarheid is, wanneer ons kies om seksueel heilig te wees, maak ons 'n dapper en pragtige verklaring dat ons aan God behoort en dat ons begeer om Hom met ons liggame te eer.

Om seksueel rein te wees mag kontra-kultureel en 'n uitdaging wees, maar dit is 'n keuse wat beide seën en vrede bring. Ons kultuur verkondig die boodskap dat ons ongeërg oor seks kan wees en dat dit geen gevolge dra nie, maar God se Woord openbaar die teenoorgestelde. Wanneer ons in seksuele suiwerheid wandel, beskerm ons ons harte, verhoudings en huwelike van onnodige pyn en hartseer.

Dit is egter belangrik om te onthou dat genade van God oorvloei na jou as 'n kosbare dogter van die Koning. Jou waarde word nie bepaal deur jou foute of die standaarde van die gemeenskap nie. Indien jy in hierdie area gesondig het, bely dit teenoor God, vra vir sy vergifnis en Hy sal jou volkome reinig. Hy wil genesing, herstel en volkomenheid aan jou lewe bring en sy barmhartigheid is nuut elke oggend.

Ongeag van jou verlede, vandag kan 'n nuwe begin wees. Kies vandag om 'n lewe te leef wat afgesonder is vir God, 'n lewe wat Hom eer en wandel in die vryheid en vreugde wat kom wanneer jy in sy weë wandel.

### GEBED

Liewe Jesus, help my om in reinheid te wandel en U met my liggaam te eer. Versterk my om keuses te maak wat u liefde en heiligheid reflekteer. Amen.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*1 Korintiërs 6:12-20*

Daar is mense wat sê: "Alles is my geoorloof." Ja, maar nie alles is heilsaam nie. "Alles is my geoorloof," sê hulle. Ja, maar ek gaan my nie deur enigiets laat verslaaf nie. 13 Hulle sê ook: "Kos is vir die maag, en die maag vir kos." Goed, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. 'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is. 14 God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek. 15 Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis nie! 16 Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God sê immers: "Die twee sal een word." 17 Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom. 18 Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. 19 Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: 20 julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *1 Korintiërs 6:19–20*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

### SOAP

*1 Korintiërs 6:19–20*

*Of besef julle nie dat julle liggame 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie; julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.*

### OORDENKING

Wanneer ons kies om die ongelooflike liggame wat God ons gegee het te koester, te versorg en rentmeesters daarvan te wees, eer ons Hom. Om rentmeesters van ons liggame te wees beteken dat ons daaglikse keuses vir God belangrik is, van hoe ons ons liggame voed tot hoe ons aantrek of wat ons sê.

In 1 Korintiërs 6:19–20, leer Paulus ons dat ons liggame heilig is. Dit is die woonplek van die Heilige Gees en ons moet dit dus versorg as sy woonplek. Wanneer ons ons liggame as tempels behandel, wys ons die wêreld dat ons aan God behoort. Ons demonstreer dat ons identiteit in Christus ons van die wêreld afsonder en ons nooi ander uit om sy transformerende krag in ons lewens te sien.

Ons moet sorg vir die liggame wat God vir ons gegee het tot die beste van ons vermoë onder ons persoonlike omstandighede. Waar moontlik, moet ons gesonde kos eet, genoeg rus kry en aktief bly. En mees belangrik, ons moet nie ons liggaame gebruik vir aktiwiteite wat God onteer nie, soos verslawing of immorele gedrag nie.

Wanneer ons vir ons liggame sorg, offer ons ons liggame as lewende offers vir God wat vir Hom aanneemlik is (sien Romeine 12:1). Wanneer ons dit doen, word ons siele verfris en ons harte meer ingestel op sy stem.

Wanneer ons kies om lewens te leef wat afgesonder is tot die eer van God deur rentmeesters te wees van ons liggame, is dit nog 'n manier om God se goedheid en glorie aan 'n kykende wêreld te wys.

### GEBED

Liewe Jesus, dankie dat U my liggaam 'n tempel vir U Heilige Gees gemaak het. Help my om 'n rentmeester van my liggaam te wees op 'n manier wat U eer en glorie bring. Amen.

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Wat is een manier waarop jy hierdie week iemand in jou lewe kan dien?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

2. *In watter situasie kan jy oefen om in liefde die waarheid te praat?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

3. *Op watter maniere kan jy 'n nabootser van God wees, deur sy liefde en genade aan ander te demonstreer?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

4. *Hoe kan jy aktief seksuele reinheid in jou lewe nastreef en jouself omring met vriende wat jou toewyding deel?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

5. *Wat is een praktiese manier waarop jy jou liggaam as 'n tempel kan behandel?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Bybel vir Jong Vroue
Spaanse Love God Greatly Bybel

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Volle Skrifgedeeltes
Weeklikse Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae

### *Ander studies*

Die Beloofde Messias
Wapenrusting van God
Van Gebroke na Herstel
Blywende Hoop
Nie Gemaak Om Alleen Te Wees Nie
Hy Sien, Hy Ken, Hy Gee Om
Die God Wat Herstel
Kom, Here Jesus, Kom
Kies God, Nie Die Wêreld Nie
Volkome Oorgawe
Vertrou God Te Midde Van Lyding
Ons Sekuriteit Vir Die Ewigheid
Die Belangrikheid van Gebed
Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Perfeksie
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In Die Begin
Die Evangelie van Markus

Verlos van Skaamte
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin

1 & 2 Tessalonisense
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd